

23 Februarie 2014

**Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8**  
**Fokusgedeelte: Romeine 12:1,2**

### **Lewende offers wat vir God aanneemlik is**

In ons fokusgedeelte word 'n gelowige se reaksie op God se genade opgesom. Dit dien ook as 'n inleiding vir die tweede deel van die Romeinebrief. Waar die eerste deel van die brief meer leerstellig, dogmaties van aard is, is die tweede deel meer prakties van aard. Die tweede deel leer ons wat jy as gelowige nou doen, noudat God aan jou genade bewys het en jou as sy kind aangeneem het, noudat jy in die groot ontferminge van God deel, noudat jy die evangelie glo. Dit leer ons hoe 'n lewe van dankbaarheid lyk.

Wat moet jy doen? Jy moet jousef aan God as 'n lewende offer gee. Jy is immers deur Christus lewend gemaak. Jy lei 'n nuwe lewe. Jy moet nou vir God en tot sy eer lewe. Dit vereis 'n besliste keuse wat jy moet uitoefen om jousef te offer. Dit is ook nie 'n eenmalige offer nie, maar 'n deurlopende offer wat jy moet bring. Dit moet vir God welgevallig wees. Die Here ken jou hart en die motiewe waarmee jy offers bring. As jou motiewe nie reg is nie, as jou offers nie kom uit dankbaarheid vir wat God in Christus gedoen het nie, sal dit nie vir God welgevallig wees nie.

As jy jousef (jou liggaam) as 'n lewende offer aan God gee, dan moet jy ook verander. Jy moet anders wees as wat die sondige wêreld is. Jy moet jou nie in die vorm van die sondige wêreld laat giet nie, maar jy moet verander om meer en meer aan die beeld van Christus gelyk te word.

Dit begin by jou denke. Jou denke moet vernuwe word. Jy moet anders oor sake dink as wat hierdie sondige wêreld daarvoor dink. Jy moet daarvoor dink soos God wil hê dat jy daarvoor moet dink – dit wat volgens die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Sing: Psalm 107:1, 10, 18 (1936)

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)